

Ambassadeur vir die wildbedryf

Ilse Davis



Duur “skoolgeld”, ’n onwrikbare geloof in die moontlikhede wat die wildbedryf bied, die aangryp van geleenthede wat sy pad gekruis het, harde werk, die bemagtiging van ander, en ’n ondersteunende vrou aan sy sy, het als daartoe bygedra dat Pieter Lamprecht onlangs as Wildbedryf SA (WRSA) se Wildboer van die Jaar vir 2014 gekroon is.

Met ’n kop wat hy in ongelooft skud, ’n breë glimlag en droë mond het Pieter die aand ná hy sy trofee tydens WRSA se galadinee by Sun City ontvang het, gesê dit is vir hom ’n “ontsettende eer om as die wildbedryf se ambassadeur aangewys te word”. Dit was duidelik hy was nog besig om die nuwe mantel wat so onverwags op sy skouers geval het, reg te trek om lekker te pas.

’n Besoek aan sy plaas Somerset-Noord, halfpad tussen Thabazimbi en Ellisras (Lephalale), wys dié mantel sit eintlik lankal lekker knus, want jy gaan ver soek om ’n meer passievolle en kundige ambassadeur vir die wildbedryf te kry. Dis hier, op die plaas langs die Matlabasrivier, waar hy al 20 jaar lank Cruiser Safaris, sy suksesvolle jagonderneming, bedryf en waar hy agt jaar gelede begin het om in skaarswild te diversifiseer. Vier jaar gelede het hy saam met sy buurman, Ben Botha, Crown Breeders gestig en in 2014 stig hy saam met ses ander wildboere die Bloodline Africa-telersgroep.

Die vrou aan sy sy is Lizelle, en die res van die Lamprechtgesin bestaan uit Christiaan (12), Elizca (9) en Clarissa (4).

Met ons onderhoud het ek gedink ons sal dinge maar georden hou en by die beginjare begin, maar nee, Pieter trek weg en maak op vir sy gebrek aan woorde toe hy so oorstelp en opgewonde was ná hy as wenboer aangewys is! Hy wil gesels oor die bydrae wat telers tot die trofeegehalte van jagdiere maak.

Teel en jag loop saam

Dit is duidelik dié onderwerp lê hom baie na aan die hart, want dit is per slot van rekening sy suksesvolle jagonderneming en die kennis wat hy as jagter opgedoen het wat tot sy sukses as wildteeler bygedra het. Sy agtergrond in die jagbedryf strek hom tot groot voordeel, want “die skat van horinglengtes was daagliks deel van my werk; dit het my baie geleer oor die dinamika van genetika en horinganatomie”.

Hy sê 20 / 30 jaar terug is baie trofeediere geskiet, met die gevolg dat topgehalte gene al skaarser geraak het. Dit is uit hierdie afname in onder meer horinglengtes wat die wildteelbedryf tot stand gekom het. Baie wildboere wou die goeie genetika weer vermeerder en verbeter.

“Die jag- en teelbedryf loop hand aan hand. Die kwaliteit van diere het afgeneem en ’n buffeltrofee van 40” was ’n uitsonderlike mooi trofee agt jaar terug. Almal kan nie bekostig om eers ’n paar diere te skiet voor hulle uiteindelik die buffelbul van 43” wat op hul wenslys was, plattrek nie,” sê Pieter. “’n Jagondernemer wat ek ken kon onlangs in ’n hele jaar, uit ’n totaal van 50 bulle, nie ’n buffel van meer as 43” in Mosambiek jag nie. Wildboere teel dus weer die diere met lang en goeie horings terug.”

Nog ’n voorbeeld van hoe die jagter en wildboer kan saamwerk, is met die aphaal van ou diere. “Pleks van ’n ou dier van ouderdom te laat wrek, kan ’n jagter hom gaan jag en met die geld daaruit

Pieter in die veld op sy plaas, waar hy waarlik tuis voel.

WILD EN JAG

By Bloodline Africa Posted 23rd February 2017 In In the Press, Wild en Jag

Duur “skoolgeld”, ’n onwrikbare geloof in die moontlikhede wat die wilbedryf bied, die aangryp van geleenthede wat sy pad gekruis het, harde werk, die bemagtiging van ander, en ’n ondersteunende vrou aan sy sy, het als daartoe bygedra dat Pieter Lamprecht onlangs as Wilbedryf SA (WRSA) se Wildboer van die Jaar vir 2014 gekroon is.

[VIEW PDF](#)

Ambassadeur vir die wildbedryf

Ilse Davis



Duur "skoolgeld", 'n onwrikbare geloof in die moontlikhede wat die wildbedryf bied, die aangryp van geleenthede wat sy pad gekruis het, harde werk, die bemagtiging van ander, en 'n ondersteunende vrou aan sy sy, het als daartoe bygedra dat Pieter Lamprecht onlangs as Wildbedryf SA (WRSA) se Wildboer van die Jaar vir 2014 gekroon is.

Met 'n kop wat hy in ongeloof skud, 'n breë glimlag en droë mond het Pieter die aand ná hy sy trofee tydens WRSA se gala-dinee by Sun City ontvang het, gesê dit is vir hom 'n "ontsettende eer om as die wildbedryf se ambassadeur aangewys te word". Dit was duidelik hy was nog besig om die nuwe mantel wat so onverwags op sy skouers geval het, reg te trek om lekker te pas.

'n Besoek aan sy plaas Somerset-Noord, halfpad tussen Thabazimbi en Ellisras (Lephalale), wys dié mantel sit eintlik lankal lekker knus, want jy gaan ver soek om 'n meer passievolle en kundige ambassadeur vir die wildbedryf te kry. Dis hier, op die plaas langs die Matlabasrivier, waar hy al 20 jaar lank Cruiser Safaris, sy suksesvolle jagonderneming, bedryf en waar hy agt jaar gelede begin het om in skaarswild te diversifiseer. Vier jaar gelede het hy saam met sy buurman, Ben Botha, Crown Breeders gestig en in 2014 stig hy saam met ses ander wildboere die Bloodline Africa-telersgroep.

Die vrou aan sy sy is Lizelle, en die res van die Lamprechtgesin bestaan uit Christiaan (12), Elizca (9) en Clarissa (4).

Met ons onderhoud het ek gedink ons sal dinge maar georden hou en by die beginjare begin, maar nee, Pieter trek weg en maak op vir sy gebrek aan woorde toe hy so oorstelp en opgewonde was ná hy as wenboer aangewys is! Hy wil gesels oor die bydrae wat telers tot die trofeegehalte van jagdiere maak.

Teel en jag loop saam

Dit is duidelik dié onderwerp lê hom baie na aan die hart, want dit is per slot van rekening sy suksesvolle jagonderneming en die kennis wat hy as jagter opgedoen het wat tot sy sukses as wildteelster bygedra het. Sy agtergrond in die jagbedryf strek hom tot groot voordeel, want "die skat van horinglengtes was daaglik deel van my werk; dit het my baie geleer oor die dinamika van genetica en horinganatomie".

Hy sê 20 / 30 jaar terug is baie trofeediere geskiet, met die gevolg dat topgehalte gene al skaarser geraak het. Dit is uit hierdie afname in onder meer horinglengtes wat die wildteelbedryf tot stand gekom het. Baie wildboere wou die goeie genetica weer vermeerder en verbeter.

"Die jag- en teelbedryf loop hand aan hand. Die kwaliteit van diere het afgeneem en 'n buffeltrofee van 40" was 'n uitsonderlike mooi trofee agt jaar terug. Almal kan nie bekostig om eers 'n paar diere te skiet voor hulle uiteindelik die buffelbul van 43" wat op hul wenslys was, plattrek nie," sê Pieter. "n Jagondememer wat ek ken kon onlangs in 'n hele jaar, uit 'n totaal van 50 bulle, nie 'n buffel van meer as 43" in Mosambiek jag nie. Wildboere teel dus weer die diere met lang en goeie horings terug."

Nog 'n voorbeeld van hoe die jagter en wildboer kan saamwerk, is met die afhaal van ou diere. "Pleks van 'n ou dier van ouderdom te laat vrek, kan 'n jagter hom gaan jag en met die geld daaruit

Pieter in die veld op sy plaas, waar hy waarlik tuis voel.

